

# GUEST EDITORIAL / GASSKRYWERSRUBRIEK

## HARTEBEESTE EN HOOFWEË – Theuns van Rensburg

Wanneer n mens oor die groot uitgestrekte vlaktes van Kaapland, Vrystaat of die Transvaal reis, kan jy nie help om te wonder hoe dié gebiede in die dae van die vroeë pioniers moes gelyk het nie. Meer gras, meer bome en beslis baie meer wild as wat ons tans sien! Plekname getuig ook hiervan - waar is al die elande van die baie Elandsfonteine - die hartebeeste van Hartebeespoort, die springbokke van Springbok? Cornwall Harris skryf in die 1840's van die olifante, buffels, leeus, kameelperde en renosters wat hy agter die Magaliesberg teengekom het op n reis tussen die huidige Rustenburg en Pretoria. Hulle is weg - onverhoeds oorval deur die beskaafde barbaar, die makmakers, die Westerling. So sonder dat ons agtergekom het, het alles té mak geword en alles wat n te vooraan het, het my Pa gesê, is oordoën. Hoe gaan ons land oor nog 140 jaar lyk? Gaan ons nog iewers n wilde vyf of moepel oorhê om koelte te gee, n bokmakierie se uitbundige geroep in die tuin, n heidesoort van ons meer as 600 inheemse heidesoorte?

Help dit as bewaarders en opvoeders hul kele droog skree teen die agtergrond-geraas van deurwegverkeer of lugbore? Weet die massas waaroor bewaring werklik gaan? Dring ons deur met ons massapogings tot opvoeding? Hoeveel mense bereik ons met Nasionale Omgewingsweek en Boomplantdag? Dit val my dikwels op dat begrippe soos bewaring, ontwikkeling en oorlewing gereeld deur ingeligte, normale, gemiddelde mense verkeerd geïnterpreteer word. Selfs in bewaringskringe het persone al snaakse opmerkings gehad; soos byvoorbeeld wat rommelstrooiing nou werklik met bewaring te make het, watter rol bosbouplantasies in bewaring speel anders as om 'steriele' habitatte te skep, waarom pelse (bv. dié van robbe) steeds verkoop word? Desnieteenstaande is rommel besig om tot soveel as 4 000 deeltjies per km<sup>2</sup> plastiek in ons oseane te laat, sterf Europa se woude in suurreën, het houtplantasies die doodsvonnis oor ons min woude opsygestel, en is dit net so noodsaaklik om robbe uit te dun as n oormaat wild op die plaas of in n natuurgebied.

Min mense besef dat bewaring n kwessie van oorlewing is, dat ontwikkeling sonder bewaring onmoontlik kan raak omdat bewaring juis 'wyse gebruik van hulpbronne' beteken volgens die internasionaal aanvaarde definisie. Ons voorouers het nie altyd met wysheid gebruik nie - daarom is die elande van

Elandshoogte afwesig, die fonteine van baie Tweefonteine en ander opgedroog. Miskien gee ons te min aandag aan hierdie oorlewingsboodskap - wyse gebruik - en praat ons te rond en bont oor spesiebewaring, natuurgebiede, veldbestuur, besoedeling en les bes, omgewingsopvoeding.

Is ons as opvoeders en bewaarders nie dikwels daaraan skuldig dat ons hierdie sentrale boodskap vergeet of dikwels ontwikkeling summier veroordeel nie? Het ons dan nie nodig om voedsel te kweek nie - of is ons eerder bereid om die landbougebiede onder reservate te sien en alles in te voer? Waar groei aartappels en mielies natuurlik en in hoeveelheid voldoende vir menslike behoeftes? Hoeveel van ons het behoorlike opvoedingsprogramme soos dié van Barry Marshall en sy kollegas in Kwazulu? Min van ons gee aandag aan die uitstekende bewaringswerk wat bosbouers byvoorbeeld in die Soutpansberg doen met arende, luislange, ape, meubelhout en dies meer. Elkeen is té geneig om sy eie beuel te blaas en gun die ander niks. Miskien is dit tyd dat ons groot word, hande vat en sorg dat die sentrale boodskappe by ons publiek uitkom. Bewaring is nie n aktiwiteit in eie reg nie, maar één wat oor alle aktiwiteite van die mens sny. Bewaring begin by die huis, in eie agterplaas, op straat en op elke plaas. Daar is nie 'ons' en 'hulle' in bewaring nie - net ons. Daarom het ons nodig om meer as net die onderwys te bereik. Dit is ook nodig dat ons vandag se besluitnemers moet bereik - vinnig ook. Die 140 jaar na die Groot Trek het ons land onherkenbaar verander. Die volgende 50 jaar gaan waarskynlik n nog groter impak hê. Hoe doeltreffend werk alre private bewaringsgroepe saam? Ons Habitatraad kry te min steun en kry gevolglik min reg. Tog is dit ons enigste oorkoepelende bewaringsliggaam wat n doeltreffende drukgroep behoort te wees.

Die Raad kry ook min steun van die nywerhede en handel en ander sektore. Ons sal nie houdings en verantwoordelikhede binne een of twee geslagte verander nie en kan nie alles aan die onderwys oorlaat nie - ons moet vandag begin om oorgang te bewerkstellig. "The trouble with the world is me", het C.K. Chesterton gesê.

As ons in hierdie tyd van hervorming, verandering, rasionalisasie, devolusie en ander strydkrete opnuut probeer, het ons dalk mōre nog fonteine en hartbeeste by ons Hartebeesfonteine oor en dalk ook nog n paar repies biltong in die kas.

*"Out of the universal substance, as out of wax, Nature fashions a colt, then breaks him up and uses the material to form a tree, and after that a man, and next some other thing; and not one of these endures for more than a brief span. As for the vessel itself, it is no greater hardship to be taken to pieces than to be put together."*

Marcus Aurelius 121-180 A.D.

Stoic Philosopher and Emperor of Rome  
Meditations Book 7:23